# 18 As ons in hoogste nood verkeer




U is ons hulp, U troos alleen;
o Rots, ons skuil by U alleen.
Dreig die gevaar, o troue God,
en vrees ons – U bestier ons lot.

Ootmoedig hef ons nou ons hart
tot U in ons berou en smart.
Ons smeek U om barmhartigheid -
U is die God wat nie verwyt.

U wat vergiffenis beloof
aan elkeen wat in waar geloof
in Jesus naam voor U kom staan,
sien ons in Hom genadig aan.

Ons sal U altyd eer bewys,
u Naam en roem in blydskap prys.
Dankbaar sal ons gehoorsaam wees
en U bo alles dien en vrees.

Joachim Camerarius (1500-1574) Straatsburg (1545)